# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 3 September2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## *3 September*

*9:00 Erediens en Kinderkerk*

***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
*Teks: Rom 8*

***Teebeurt:*** *Wyk C*

*Kategese en Belydenisklas na die diens*

## *Hierdie week:*

**Dinsdag, 5 September (8:30):**
Stap by die Botaniese tuine
**Woensdag, 6 September (9:30) en (18:30):**
Bybelstudie en Bybelskool

**8 September: GHOLFDAG**

Kry jou "vleis hamper" kaartjies by die deure of by die tee vandag! Trekking vind plaas op die Gholfdag

## Verjaarsdae




| | | | |
|---|---|---|---|
| 04/09 | Mev | Meere | Kusel |
| 07/09 | Mej | Ché-Vonne | Botha |
| 07/09 | Mnr | Johan | VanDer Westhuizen |
| 09/09 | Mej | Retha | Liebenberg |

## Lief en Leed

- Esme Robinson wat herstel na ‘n operasie.
- Suzette se broer wat siek is. Hy het MNS, en het baie verswak.
- Frans du Plessis wat wag vir uitslae van bloedtoetse.
- Mari van Schalkwyk, gewese lidmaat van ons gemeente, wat oorlede is.
- **Met ‘n swaar hart sê ons totsiens vir Natie en Danie du Plessis. Hulle het verhuis na Montana. Mag die Here jul daar seën en ons hoop Tannie hulle kom kuier gou weer!**

**Indien jy graag wil hê ons moet vir jou bid, of weet van iemand wat voorbidding benodig, kontak gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Laat weet ons ook indien jy goeie nuus het om met die gemeente te deel!**

# Bedieninge, Projekte en Uitreike



## HERWINNING

Die volgende items kan na die kerkterrein gebring word:
karton / papier / koerante / brosjures / eierhouers / glas / blikkies / plastiese bottels/ langlewe melk / vrugtesap houers.

**Die volgende items kan nie herwin word nie:**

Polistireen/"Bubble wrap"/ Sagte kleefplastiek/ Keramiek.

*Vir enige navrae kontak die kerkkantoor*.







# Saamkuier geleenthede



# Dorkas se kombuis

Ons kuier steeds voort in Londen en die omliggende dorpies. Die argitektuur, die geskiedenis en instandhouding is net ongelooflik. Ons het die Saint Mary's Church in Bibury besoek. Die kerk dateer terug uit die 11de eeu. Die inskripsies op die grafstene is so verweer, asof daar nooit iets op gegraveer was nie. Dit was duidelik dat daar ń troue in die kerk was ń dag of twee tevore. Die blomme orals nog pragtig en vars. As ek kon het ek hulle almal gepluk en saamgebring ☺ En daar in die kerk is daar toe ook ń Dorkas se Kombuis, ń houer in die kerk met die woorde "*Cirencester foodbank collection point*". In die houer was daar reeds ñ paar blikkies baked beans. Dan was daar ook teen een van die mure, ń wit olifant tafel as ek dit so kan beskryf. Jy kan items vanaf die tafel koop deur slegs ń donasie te maak. Die opbrengs gaan dan vir die behoeftige kinders van Bibury. Ons het sommer vd tafel af 2 geskenkies kon koop, ń houthasie en ń Lady Diana koffiebeker, absoluut perfek vir die mensie vir wie dit uitgekies is. Met die omskakeling van rand na ponde en ponde na rand, het ek amper met 43 pakkies spaghetti terug gevlieg! Toe my wiskunde egter eers inskop, het ek besef dat die spaghetti effe goedkoper by Kitkat is. Selfs al is dit in pence gemerk, maak elke "*pence*" 'n pond. Die pakkies spaghetti is nie in my tas nie ☺

Ons vra asb steeds vir TANDEPASTE.

***Mooi en geseënde week.***

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek: 1651207613**

# Vars Hoender by die kerk te koop

Hoender stukke is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R55 'n kilogram beskikbaar. Botter R70 vir 500g

# Hondekos (Farina)

Die kerk verkoop Farina hondekos vir R90 vir 'n 8 kg sak en R250 vir 'n 25 kg sak (Sondae na die diens en tydens kantoorure). Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

**Rietfontein Spar en Tops**

Bring asb al u Spar en Tops strokies kerk toe en gooi dit in die houer in die voorportaal. Spar gee vir ons geskenkbewyse wanneer ons genoeg strokies ingee. Dit word weer vir Dorkas se kombuis gegee.

**Kontak asb vir ds Paullet as jy op die Gemeente-Whatsappgroep wil wees. Ons deel daar belangrike inligting en afkondigings. Bly so op hoogte!**